# 10 Mei 2023 - Lesing 19 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Opstanding op die derde dag – 20/4/57

**NO: 6810** Soos wat julle mense teenoor My verlossingswerk staan, sal dit deurslaggewend wees of julle sal glo in 'n lewe na die dood, in 'n opstanding uit die graf en 'n binnegaan in die ryk hierna. Want die verlossingswerk - My lyding en sterwe aan die kruis – vind sy bekroning in die opstanding op die derde dag, wat al My onderrig vooraf moes bevestig, wat die mense 'n bewys moes gee dat met die dood van die liggaam die lewe nie beëindig is nie, maar dat die geestelike lewe begin, indien die mens volgens My leer leef. Hierdie opstanding word wel in twyfel getrek en maar net as legende vir kennisname aangeneem.

En dit kan ook nie bewys word nie. Sulke leerstellings kan slegs geglo of verwerp word. En die geloof is ook 'n voortvloeisel uit My verlossingswerk of 'n teken dat die mens verlos is deur JaHshua Messias, omdat hy in Hom as die Goddelike Verlosser glo en dus ook die genade van die verlossingswerk benut. Dat My liggaam sigbaar uit die graf verrys het, beteken egter nie dat “die vlees” herrys het nie, maar dat My liggaamlike omhulsel homself volledig vergeestelik het deur die lyding en sterwe aan die kruis. **Dit was die geestelike kleed wat die Siel aangetrek het** en wat Ek alleen maar vir die mense sigbaar laat wees het om hulle te wys dat die dood nou alle verskrikkinge verloor het, omdat Ek die dood oorwin het. My lewenswandel op aarde moes die mense die weg wys wat uit die diepte omhoog voer.

Aan al My leringe verbind Ek die belofte dat julle 'n ewige lewe te wagte staan.

Maar Ek eis die geloof in My in JaHshua Messias.

Maar hiervan vind Ek maar weinig. En selfs My leerlinge het 'n swak geloof gehad. Hulle het hulle doodgeskrik toe Ek My in die hande van My vyande oorgee.

Hul geloof was nog nie so sterk dat Ek ook Meester was oor die dood nie en daarom het hulle ook nie gedink aan My Woorde nie: **“In drie dae sal Ek die tempel weer opbou”**. Groot droefheid het almal aangegryp wie My innigste volgelinge was. Vir hulle het daar iets inmekaargestort toe hulle My dood aan die kruis moes meemaak.

En hulle wou Ek te hulp kom en hul geloof weer sterker maak en hulle terselfdertyd die bewys gee dat Ek Gebieder is oor lewe en dood.

Daarom het Ek iets sigbaar laat gebeur, wat vir elke siel egter beskore is: Dat sy nie kan sterf nie, maar sal ontwaak in 'n ander ryk, wat egter sal ooreenstem met haar lewenswandel op aarde. Die siel verlaat die liggaam, maar hy – wat nog nie volwasse is nie, - bly agter. En daarom het die mens geen bewys vir 'n opstanding na die dood, wat hom egter weens sy wilsvryheid ook nie gegee kan word nie. Maar Ek kon My liggaam terselfdertyd laat opstaan, omdat sy substansies hulself vergeestelik het. En dus hoef My opstanding op die derde dag nie in twyfel getrek te word nie. **Maar nie alle mense kon My sien nie**. Slegs Myne, aan wie Ek verskyn het, omdat Ek hul My opstanding op die derde dag aangekondig het en omdat die graad van hul rypheid dit toegelaat het.

Maar wie My graf leeg gevind het, het gesoek na genoegsame ander verklarings vir die verdwyning van My liggaam. En daarom was dit vir hulle geen geloofsdwang nie. **Ek het opgestaan uit die dood**.

Die mense kon slegs My liggaam doodmaak. En selfs die liggaam was na My kruisdood nie meer aan die natuurlike wette onderworpe nie, **want dit het vry geword van alle bande.**

Maar selde bereik die mens op aarde die graad van rypheid, sodat die substansies van die liggaam hulself by die siel kan aanpas na die liggaamlike dood. En daarom is die geloof aan 'n opstanding buitengewoon swak of met verkeerde denkbeelde verbonde. En daarom moet die verlossing deur JaHshua Messias dit voorafgaan, **want 'n mens wat nog met sy sondeskuld belas is, is nog heeltemal in die mag van My teenstander**. En hy sal elke gedagte aan 'n moontlike opstanding versmoor. Hy sal die mens steeds in die negatiewe sin beïnvloed en dus ook My verlossingswerk en My opstanding vir hom as ongeloofwaardig voorstel.

Maar dat die opstanding op die derde dag tog plaasgevind het, sal skaars een mens betwyfel wat hul geloof in JaHshua Messias en Sy verlossingswerk geheel bely. Want My Gees sê dit vir hom. En sy gedagtes word dus deur My korrek gelei, omdat Ek deur My Gees kan werk in elke mens wat die weg na My in JaHshua Messias weer gevind het. Hy sal die dood ook nie meer smaak nie, want hy sal die lewe ingaan wat JaHshua Messias hom beloof het.

Hy het die dood ontkom, omdat hy verlos is van hom wat die dood in die wêreld gebring het. En hy het hom ontkom, omdat hy na My in JaHshua Messias gevlug het. Hy het opgestaan uit die dood op die oomblik van sy oorgawe aan JaHshua Messias. Hy het nou eers lewend geword en hy sal sy lewe vir ewig nie meer verloor nie. Maar ook die ongelowige sal nie vergaan nie. Ook hy sal slegs sy aardse liggaam verloor, maar nie die bestaan van sy siel nie. Hy sal net die ryk in die hiernamaals binnegaan in 'n toestand wat gelyk is aan die dood.

Die graf sal haar (die siel) nog ingesluit hou en sy sal ook in haar graf bly, indien JaHshua Messias nie Self die grafsteen wegrol nie. Maar die Goddelike Verlosser het vir almal aan die kruis gesterf. En eendag sal die uur van die opstanding vir elke siel slaan. Want eens sal sy self na My in JaHshua Messias roep. En haar roep sal Ek nie ongehoord laat wegsterf nie.

Dan sal sy opstaan uit die graf en ontwaak tot die lewe. Dan sal die duisternis van die graf van haar wyk en sy sal die lig kan sien.

Want Ek het vir alle mense gesterf. En ook hulle wat rus in hul grafte, sal kennis daarvan neem, dat Ek opgestaan het uit die dood en dat Ek ook elkeen die lewe gee wie begeer om te lewe. Amein.